

4

OPSTANDING

Jesus verlos ons van sonde

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Jesus uit die graf opgestaan en die dood oorwin het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat God mag het oor die dood.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat hulle as God se kinders vir altyd sal lewe.

Vaardigheid

Die kinders moet 'n Paaslied kan sing of opsê.

MEER INLIGTING (Markus 15 en 16; Kolossense 2: 9-13)

'n Dramatiese ding het aan die kruis op Golgota gebeur. Markus sê Jesus het hard uitgeroep. Dit was waarskynlik sy laaste woorde aan die kruis, naamlik: *Dit is volbring!* Toe word dit donker oor die hele land; die son het opgehou om te skyn. Die offisier wat reg voor Jesus se kruis gestaan het, was verstom en het gesê: *Hierdie man was werklik die Seun van God.* Dit was sekerlik die hoogtepunt van die vertelling volgens Markus. Sy verhaal wou dit juis tuisbring dat Jesus die Seun van God is.

Jesus het kort voor sonsondergang op die Vrydag gesterf, dus net voor die aanbreek van die sabbatdag. Daarom was daar nie tyd vir die vroue om sy liggaam te balsem, soos wat dit hul gewoonte was nie. Hulle het huis toe gegaan en die sabbat daar deurgebring volgens die wetsvoorskrifte. Vroeg die volgende môre het hulle graf toe gegaan om Jesus se liggaam te

balsem. Tot hul groot verbasing was die graf leeg! Twee engele het die vroue gerusgestel en herinner aan Jesus se belofte dat Hy sou sterwe en op die derde dag sou opstaan.

Waarom is die opstanding so belangrik? As gevolg van die opstanding weet ons dat die dood oorwin is. God het Jesus uit die dood opgewek. Hy het mag oor die dood. Hierdie gedagte bring vir ons groot troos en hoop. Dit laat ons verstaan dat God iemand wat dood is, weer lewend kan maak. Op ander plekke in die Bybel lees ons ook dat God mense wat dood was, lewend gemaak het, maar na 'n tyd het hulle weer gesterf. Met Jesus was dit anders. Hy het nooit weer gesterf nie. So gaan ons ook na ons dood, net soos Jesus, uit die dood opgewek word en nooit weer sterf nie. Elkeen wat glo, lewe eintlik *nou reeds* vir ewig saam met Jesus. Ons hoef nie meer bang te wees vir die dood nie. Ons sal vir ewig by Hom woon.

AANBIEDING

Jy het nodig

- A2-papier.
- A4-papier – een vir elke groep.
- 'n Leë eierdop (maak 'n gaatjie aan die bo- en onderkant van 'n eier. Laat die binnekant van die eier uitloop – maak seker dat die dop nie kraak of breek nie).
- 'n Vadoek.

KOM ONS BEGIN

Een van die kategete open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Aangesien hierdie 'n faseles is, word daar nie kontrole gedoen oor die vorige week se werk nie.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lees MEER INLIGTING hierbo duidelik voor.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- Jesus is regtig die Seun van God.
- God het mag oor die dood.
- Ons hoef nie meer bang te wees dat ons vir ewig sal doodgaan nie, want God het die ewige dood vir ons oorwin.
- God se kinders lewe vir altyd.
- Gelowiges is nou reeds verlose kinders van God.

IETS OM TE DOEN

- Deel die klas in groepe – minstens een uit elke graad.

- Gee vir elke groep 'n A4-papier.
 - Bespreek die konsep *teenoorgesteldes* met die kinders. Laat die kinders verskillende voorbeelde noem. Skryf die voorbeelde op 'n A2-papier neer waar die kinders dit kan sien. ('n Paar voorbeelde: stadig – vinnig; vuil – skoon; lank – kort; mooi – lelik; lekker – sleg; ensovoorts. Verduidelik vir die kinders dat *teenoorgesteldes* mekaar “wen”: As ek stadig hardloop en ek oefen hard, dan hardloop ek vinnig – vinnig wen dan vir stadig; as jou klere vuil is, was jy dit – skoon wen dan vir vuil.)
 - Laat hulle in hul klasgroepe hieroor gesels en soveel moontlik voorbeelde neerskryf. Die groep met die meeste voorbeelde “wen” die ander groepe.
 - Verduidelik aan die hand van bogenoemde oefening: Jesus het aan die kruis gesterf, maar Hy het weer opgestaan! As gevolg van die opstanding weet ons dat die dood oorwin is. God het Jesus uit die dood opgewek. Hy het mag oor die dood. Hierdie gedagte bring vir ons groot troos en hoop. Die lewe wen die dood! Jesus het die dood “gewen” sodat ons vir ewig in die hemel kan bly leef.
- Doen ook die volgende:

Wys die leë eier en vra wie bereid sal wees om vorentoe te kom sodat die eier op sy kop gebreek kan word. Moet glad nie laat blyk dat dit net 'n leë dop is nie. Plaas dan die vadoek op die kind se kop. Sê dit is om te voorkom dat die eier oor sy klere loop. Sit dan die leë eier op die kind se kop. Laat 'n kind uit 'n ander groep dit liggies stukkend slaan. Die kinders sal dan sien dat daar niks in die dop is nie. Die eierdop is dolleeg. Die kinders sal stom van verbasing wees. Gesels oor hoe 'n mens reageer as jy verbaas of oorbluf is.

Net so was die twee Marias en Jesus se dissipels stom van verbasing toe hulle die leë graf aantref. Daar was niemand in die graf waar hulle Jesus neergelê het nie. Net soos wat ons nie verwag dat die eier wat van buite af heel lyk, dolleeg is nie, het Jesus se dissipels nie verwag dat die graf leeg gaan wees nie. Trouens, hulle kon dit nie verstaan nie. Dit was beslis 'n wonderwerk!

Elke jaar wanneer ons Paastyd gedenk, moet ons weer in verwondering terugdink aan die leë graf. Ons moet weer stom van verbasing wees: Jesus het die dood *gewen*!

- Gee vir enkele kinders die geleentheid om te vertel wat dit beteken om 'n verlore kind van God te wees. Lei hulle na 'n korrekte antwoord. (Ek is verlos van my sonde, van Satan en van die ewige dood – ek is nie meer bang daarvoor nie.)

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle hierdie week vir iemand gaan vertel wat dit beteken dat Jesus die dood oorwin (“gewen”) het. Dit beteken dat ons vir ewig in die hemel kan bly leef.

Leer

- Laat hulle die volgende teks gaan memoriseer (Lukas 24: 6b):

Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek.

- Laat hulle hierdie Paaslied (Gesang 402: 1) gaan leer:

*Die Heer het waarlik opgestaan.
Halleluja! Halleluja!
Die dood se mag is nou verslaan.
Halleluja! Halleluja!*

AFSLUITING

Lees of sing Gesang 409: 1.

*Hoor jy die Paasfeesklokke?
Hul lui van vroegdag af;
hul jubel oor die wêreld:
Die Heer is uit die graf!
Hy, Christus, die oorwinnaar,
is uit die donker uit!
Die Heer, die sleuteldraer,
sal ook my graf ontsluit.*

Sluit af met gebed.